## SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

**NO. R. 73** **27 JANUARIE 2017**

### DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.
### WYSIGING VAN BYLAE NO. 4 (NO. 4/5/3)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 5 van Bylae No. 4 by bogenoemde Wet hiermee gewysig**, met ingang vanaf 1 Februarie 2017,** in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

**M JONAS**
**ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES**

**BYLAE**

**Deur Opmerking 1(a) in Deel 5 van Bylae No. 4 met die volgende te vervang:**

1. By die toepassing van Hoofstuk VA van die Wet en hierdie Bylae-
   (a) word enige ingevoerde goedere in enige item in hierdie Bylae bedoel, onderhewig aan nakoming van enige betrokke Opmerking of reël, toegelaat met korting op omgewingsheffing soos beoog in Opmerking 3 by die Algemene Opmerkings in hierdie Bylae in die mate wat sodanige korting toegepas kan word, uitgesonderd -
      (i) ten opsigte van die korting vermeld in item 412.09;
      (ii) in kortingitem 460.17, die omgewingsheffing vermeld in Afdeling D en E van Deel 3 by Bylae No. 1; en
      (iii) ten opsigte van kortingitem 460.07, die omgewingsheffing vermeld in Afdeling E van Deel 3 by Bylae No. 1.